

Eversar Sussex het sterk aanbod

Eversar Sussex teel bekostigbare diere met uitstekende vleiseienskappe uit die beste beskikbare teelmateriaal in Suid-Afrika. Telers wat in dié teelmateriaal wil belê, kan uitsien na Eversar se veiling vanjaar.

Eversar Sussex, geleë in die distrik Petrus Steyn in die Oos-Vrystaat, is vanjaar 47 jaar oud en hou sy 27ste produksie-veiling op 11 September op die plaas George.

Diere word op Oos-Vrystaat se suurveld aangehou waar lang, koue winters die norm is. Daarom is veldaanpasbaarheid van die uiterste belang en word diere op die veld geselekteer.

Vroulike diere word geselekteer vir 'n gladde haarkleed, melkproduksie, vrugbaarheid en aanpasbaarheid. Een dektyd van 60 dae by verse en 90 dae by koeie word toegepas. Elke koei en vers wat nie ná die dektyd dragtig is nie, word geslag.

Dié streng seleksie vir vrugbaarheid bring mee dat die kudde se besettingsyfer nooit onder 95% is nie. Met speentyd

word koeie met swak kalwers ook geprul.

Met volgehoue seleksie vir reproduksie en produksie het die stoetery nou 'n koeikudde wat op die veld floreer. Daarom is Eversar se vroulike diere gesog. In 2016 is die koei Eversar Anita juis vir 'n Suid-Afrikaanse rekordprys van R85 000 verkoop.

BULSELEKSIE

Bulle word geselekteer vir bespierung, gladde haarkleed en groeivermoë. Ná speentyd ondergaan alle bulle 'n fase D-toets op die veld. Die doel is nie maksimum groei nie, maar slegs om swak groeiers uit te skakel.

Ná die fase D-toets bly die bulle op die veld met slegs 'n lek tot hul beskikking. Die bulle word dan weer van Mei af op die veld afgerond vir die stoetery se jaarlikse produksie-veiling.



Bulle word geselekteer vir eienskappe, soos bespierung, gladde haarkleed en groeivermoë. Een van Eversar Sussex se spogbulle is CN 13-61. FOTO'S: ANDRE PRETORIUS

Die bulle word dus nooit in 'n kraal afgerond nie. Dus is hulle gewoon aan stap, fiks en maklik aanpasbaar.

Bulle word op tweejarige ouderdom bemark omdat hulle vroegryp, gehard en aanpasbaar is. Hulle dra baie vleis en word deur die nodige prestasiesyfers en beraamde teelwaardes ondersteun. Kommerciële telers is en bly Eversar se grootste mark. Daarom probeer die stoetery om bulle te teel wat aan die kommerciële teler se vereistes voldoen.

Hierdie bulle moet vir klante swaar speenkalwers met die nodige groei teel, asook vrugbare, aanpasbare vroulike nageslag met genoeg melk om sodoende 'n gunstige bydra tot enige klant se kudde te lewer.

MEET OM TE WEE

Pelvismeting word al die afgelope 20 jaar by manlike én vroulike diere gedoen.

Dít, tesame met diere wat nie 'n té hoë geboortegewig het nie, verseker dat diere sonder kalfprobleme aan die bedryf beskikbaar gestel word.

Alle diere word met die oog op

grond van bouvorm geselekteer, maar syfers speel ook 'n belangrike rol as hulpmiddel vir seleksie. Daarmee word die wetenskap en die praktyk versoen.

Eversar Sussex se beraamde teelwaarde vir geboortegewig is onder die rasgemiddelde, terwyl die beraamde teelwaarde vir groei en melk weer bo die rasgemiddelde is.

Om akkurate syfers te verseker, word diere almal aan dieselfde behandeling blootgestel en kry geen diere enige voorkeur-behandeling nie.

“Ons het nie veel erg aan skoue nie omdat skoue individue bevoordeel. Dit benadeel die akkuraatheid van syfers en bevorder ook nie veldaanpasbaarheid nie, aangesien skoudiere vir lang tye in klein groepies gevoer word,” sê mnr. Chris Nel, die eienaar van Eversar Sussex.

Kuddegesondheid is belangrik en die hele kudde word elke jaar vir besmetlike misgeboorte getoets en ingeënt teen alle heersende siektes. Bulle op die jaarlikse produksie-veiling word vir vrugbaarheid en trigomoniase getoets en teen vibriose ingeënt.

PRODUKSIEVEILING

Die aanbod op vanjaar se produksie-veiling bestaan uit 35 geregistreerde bulle (twee jaar oud, gehard, goed bespied en aanpasbaar) en 15 dragtige vroulike stoetdiere (topteeldiere en dragtig by die beste kuddevaarders in Suid-Afrika), asook 170 dragtige kommerciële Sussex-verse. Daar sal ook 10 Senepol-bulle te koop wees. **LBW**

NAVRAE: Webwerf: www.sussex.co.za; mnr. Chris Nel, sel 078 245 4442 of 083 654 9638.



Hierdie koei, CN 08-72, en haar kalf is 'n goeie voorbeeld van hoe Eversar se teelmateriaal geld in die kommerciële boer se sak sit met uitstekende speenkalfproduksie en streng seleksie vir vrugbaarheid.



Danksy volgehoue seleksie vir reproduksie en produksie het die Eversar Sussex-stoetery 'n koeikudde wat op die veld floreer en sterk kalwers grootmaak.